...as mens...kyk na menseregte...dan sê die grondwet...die arbeidswet...dat 'n maatskappy...hulle moet gestremdes akkommodeer, ...maar dan moet jy hulle ten minste behoorlik toerus en hulle absoluut genoeg gee dat hulle hulle man kan staan en nie daar wegraak nie...'n gehoorgestremde...het dan die reg om aanspraak te maak op die beste omstandighede en onderrig wat hy kan kry en ...die beste is 'n kleiner groep waar daar indiwidueel aandag gegee kan word.

...ek wonder soms of die buite mense (in hoofstroom onderwys) soos ons is: ons sorg vir die geld om die kind hier te kry, ons sorg vir die geld vir die apparaat wat ons bedel by iemand...ons koop die kind se boeke...ons begin die leerinhoud oor uitwerk...ons spoeg en plak ons nagte deur...dis die dedication wat mense het wat by sulke skole werk..

Die klem is anderster tussen onderwys vir horendes en 'n hardhorende waar hy 'n beroep kan beoefen sodat hy eendag vir sy gesinnetjie kan sorg so dit gaan nie oor akademiese prestasie nie, dit gaan nie oor hoeveel onderskeidings of wat ookal...hy moet kan cope op sosiale gebied, emosionele gebied, 'n fisiese gebied en dan 'n akademiese gebied, so jy het 'n baie meer globale uitkyk na die kind hierso as in gewone skole.

Mens kan die koerante lees - gewone skole is baie meer gerig op prestasie en ...shine vang, daai skool wat die leiers oplewer, daai wat die sportbeurse kry, ons het dit nie, ons het 'n baie ...ander uitkyk by ons skool.

**FOCUS GROUP 3:**

**Participants mainly promoting Sign Language (Junior Phase)**

**Topic 1:...the inclusive educational system and the child with hearing loss?**

Ek dink daar gaan meer begrip vir die dowe as sulks wees in 'n horende wêreld ander kinders gaan blootgestel word om op 'n manier met hierdie kinders te kommunikeer en met hulle interaksie te hê.

Wel ek dink daar sal defnitief taaluitbreiding plaasvind, want in die groep waar hulle nou is, ek dink nou aan my klas spesifiek, hulle brei nie mekaar se taal uit nie - waar in 'n horende omgewing - ek dink dit defnitief 'n groot mate van taaluitbreiding kan wees en stimulasie ook – wat hulle nie eintlik op hierdie stadium kry by hulle mede dowe maatjies nie.

Die kinders in spesiale skole weet nie wat dit is om te speel nie, hulle sal dit leer. Ek dink interaksie sal defnities 'n groot voordeel wees.

**Topic 2:...the role of an educational audiologist in the inclusive educational system?**

Ek kan sê ek en my afdeling se oudioloog/spraakterapeut werk baie nou saam, nê en ons konsentreer hoofsaaklik op hulle sinskonstruksie en woordeskat en leesbegrip, want dis waar hulle probleem begin. Ek wil sê ons werk regtig nou saam - ons vul mekaar goed aan.

Ek voel weer ons kry ondersteuning, maar ek weet nie of dit enige nut het nie vir ons kleintjies nie. Hulle kom te min, hulle sien die kinders te min en omdat hier meer na gebare oorgegaan toe is - hulle het hulle spraaklees verloor en is hulle meer op totale kommunikasie en hulle ken ook nie hulle klanke nie.

Ek werk nou nie met die oudioloog/spraakterapeute saam nie, maar uh ja die kinders kan nie lees nie en hulle ken nie hulle klanke nie en dis 'n groot probleem. En as daar baie ondersteuning van kleins af daaraan is dan sal die probleem minder wees, veral vir die groter kinders later.

Ons sou meer oudioloog/spraakterapeute wou gehad het. Ja, meer oudioloog/spraakterapeute. Meer sessies, meer individueel, meer in die middag na-skool ook kinders trek. In skooltyd in klasverband meer, ook soos ons vroeër gewerk het, definitiewe klanke aanleer, seker maak hulle ken dit en hulle kan dit toepas in woorde en sinne, waar nou voel dit vir my dit gebeur nie. As jy vir 'n kind sê: skryf vir my 'n /t/ dan kyk hy jou aan asof jy van ruimte of Mars afkom. Hulle ken dit nie soos in vroeë tydperk toe ons op die Mondelinge Metode was nie - so dis vir my asof dit bietjie verlore gegaan het toe ons oorgeskakel het gebare toe.

Die spraaklees het baie agter geraak, die kinders kan glad nie meer spraaklees nie – dis 'n groot leemte.

Ek weet nie - ek het 'n probleem as hulle hulle kom uithaal uit my klas uit, want die kind verloor werk. So as mens dan sê kom haal hom uit - dan moet jy eerder dat die juffrou moet aangaan met ander spraakopleiding, sy moenie aangaan met ander inhoudsvakke nie, want daar is nie tyd om met daai kind wat ontrek is, daai goed weer in te haal nie.

Ek dink mens kan saam beplanning doen wat die taalinhoud betref, maar ek voel nie hulle moet kom klas gee nie. Miskien as assistent vir jou met die aanbieding van 'n les kan help.

Ja, ek wil nou ook net sê: ons is gewoon om streng dissipline te handhaaf en wat ek nou al ook ondervind het is - as jy hulle alleen los met die klas is dit asof die kinders meer kans vat met hulle. So ek sal ok nie heeltemal sê los hulle om die klas alleen te hanteer nie.

Oudioloog/spraakterapeute is betrokke by oerleiding. Dis eintlik vir my onbevredigend die hele oerleiding. Want ons doen basies net in voorbereidende graad een oerleiding, waar jy 'n afspraak met die ouers maak en dat hulle nou kom en dan sit die sielkundige en die oudioloog/spraakterapeut en die onderwyseres en so saam. Maar ek voel dis nie so toereikend nie. Regtig nie.

Ek kan nou sê by ons vind nou nie rêrig oerleiding plaas soos by hulle nie. As 'n ouer 'n probleem het met sy kind se apparaat of dat hy 'n nuwe apparaat wil aankoop - dan kontak die onderwyseres die oudioloog/spraakterapeut en so werk hulle dan saam, maar nie formele oerleiding in ons afdeling nie.

Ek sou meer kere oerleiding wou hê. Ons sou die ouers meer kere wou sien. Hier gaan regtig 'n jaar om dat jy nie een van die ouers te sien kry nie en ook die swart ouers is ook 'n probleem-dié ouers se betrokkenheid.

Die ouers se betrokkenheid is baie swak hoor. Al sou jy sê: kom een maal 'n maand vir ouerleiding – gaan jy uit jou klas uit, as jy gelukkig is, een ouer sien. So ek dink as die ouerbetrokkenheid reg was kon ons sê op 'n gereelde grondslag een maal 'n kwartaal of een maal 'n maand ouerleiding met hulle, maar soos sy sê: jy sien daai ouers nie. Nee.

En as jy met die ouers werk dan – die ouers doen nie hulle opdragte wat jy gee nie, want hulle kinders is net 'n naweek daar, hulle wil nie nog sukkel met huiswerk. Hulle wil nie in konflik met die kind wees oor 'n naweek nie. So dit help nie jy gee spraakopdragte nie.

Dit sou ideaal gewees het as die oudioloog/spraakterapeute met die kinders van hierdie klasopdragte kon gedoen het, want hulle het die kennis - ouers het nie altyd die kennis nie om dit te doen nie - of die geduld nie.

Kyk ons slaan soveel vure dood by my nê (lag), want soos ek sê: die kinders ken nie klanke nie, hulle kan nie lees nie en dan praat ek van drie-letter woorde - dan sit hulle by my dan is hulle tien, twaalf so dan kan hulle nie lees nie. So ons werk heeltyd: klanke, woordherkenning, woordeskat uitbreiding, sinskonstruksie. So op hierdie stadium sou ek sê alles wat ons kan doen doen ons met daai kindes, al is dit op 'n baie eenvoudige vlak, dit doen ons met daai kinders.

Hulle kan definitief op 'n taalgebied, dink ek, 'n bydrae lewer met die beplanning en so - julle werk tog daaraan. Soos wat ek en (oudioloog/spraakterapeut se naam) nou saamwerk. Ek gee nou taal vir die graad viers en sy kom absoluut in en ek en sy besluit: voornaamwoorde, ons het dit opgedeel, voornaamwoorde graad vier doen ons dit- graad vyf doen ons dit- graad ses doen ons dit, want dit is nogal 'n groot probleem by ons dowes die voornaamwoorde en dieselfde met werkwoorde. Ons het dit gaan opdeel: sê hoofwerkwoorde graad vier - skeibare werkwoorde graad vyf en daai moeilike werkwoorde graad ses. Maar jy doen nog deurentyd hersiening van die vorige grade se goeters, so ek en die

oudioloog/spraakterapeut het dit gaan staan en in deel - wat goed werk en soos ek sê dan bou ons maar ons sinskonstruksie en leesbegrippe en woordeskatuitbreiding daar rondom. So by ons vind dit regtig plaas met behulp van die oudioloog/spraakterapeut.

Ja, miskien met die uitspraak en die vorming van die woorde by die byvakke waar ons nou groot woorde kry en die kinders dit moeilik uitspreek en hulle verstaan dit in elk geval nie eers nie behoorlik altyd nie.

Hulle ken nie eers die skrifbeeld eers nie, ja, daar sal hulle vir ons groot hulp wees.

Hulle sukkel. Baie sukkel. Jou kinders wat akademies nie so sterk is nie - sodra jy die les informeel maak- dan's dit chaos in daai klas. So as hulle nie daai struktuur het nie - hulle doen wat hulle wil in die sin van dis vir hulle lekker asof die grense wat daar was nou nie meer vir hulle nodig is nie. So ek het nou nogal 'n probleem, veral met die swakker klasse - dat as sodra jou les te informeel raak - dan gaan jou inhoud verlore. Ja, definitief.

Hulle kan nie regtig in groepe saamwerk nie, die kleintjies hulle kan mekaar nie asessee nie, ook nie hulleself nie. As ek vir hulle die papier gee het hulle self al die laggies ingekleur - voor ek nog enigsins gemerk het. En hulle is kwaad as hulle 'n ander gesiggie kry en so dis moeilik. Maar hulle kan ook nie met mekaar regtig oor 'n onderwerp kommunikeer nie, of ander se mening kry nie, dis regtig asof uitkoms-gebaseerde onderwys - dit werk nie vir my hier nie.

Sekere goed is oulik, jy weet, soos redenering. Ja. En daai tipe van goed en goed wat hulle prakties moet bou. Maar hulle weet nie wat hulle moet doen nie. Maar my probleem is: hulle kan nie lees nie. So ek kan vir hulle geen werksopdrag gee nie – ek gee vir hulle 'n werksvel en ek verduidelik elke woord

vir hulle – die oomblik wat hy by sy bank sit en dit self moet doen - dan weet hy weer nie wat staan daar nie. So dis vir my 'n groot probleem.

En ook die take - hulle kan dit nie gaan doen nie, want hulle is nie by 'n ouerhuis nie. Ja, en al stuur jy dit , ek dink nou aan (kollega se naam). Ja, ek het nou al twee keer tuisopdragte gestuur huis toe wat oor die vakansietydperk moes gedoen word het - jy kry dit net nie terug nie, dit word net nie gedoen nie. Um, daar's net geen ouerbetrokkenheid nie by hierdie tipe van onderrig nie.

Daar is goeie dinge in uitkoms-gebaseerde onderwys wat mens kan uithaal en gebruik in die klas. Maar hier by die kleintjies moet jy maar regtig drilwerk doen en baie herhaling en baie struktuur, baie struktuur. Ek dink nie baie van ons kinders kry struktuur by die huis nie. En die taal is van so aard dat dit so agterstand is dat jy nie in graad vier al met hulle kan dinge sit en bepraat nie. Die mondelings: daar is nie - jy kan nie met hulle mondelingse werk doen nie, want hulle het nie daai taal nie - nie daai taalagtergrond nie, en dit skep 'n groot probleem.

Die leesbegrip en woordherkening en daai goete: die graad viers by my, ek sit met kinders wat se woordherkening op 'n graad een vlak is en jy kan nou self dink: jy moet hierdie moeilike inhoudsvakke gee, maar hulle kan dit nie lees nie (lig wenkbroue), so dis vir my op hierdie stadium regtig 'n probleem.

Redelik baie van ons kinders dra gehoorapparate, almal het darem of meeste het een of twee. Maar die versorging van die aparate is baie swak. Dis 'n groot probleem. Die kinders self is verantwoordelik vir die versorging van hulle aparate en dit gebeur net nie, so as jy vir 'n kind sê hy kan nie hoor nie - dan is die oorstukkie so met was aangepak dat die klank nie deurkom nie. En jy het nie in die klas tyd nie om al die oorstukkies nou uit te haal en te was nie. So dis vir my 'n groot probleem. En die kinders het ook nie daai trots om dit op te pas nie, ander hou dit sommer vir hulle, of hulle dra dit nie. En by ons groot kinders kom



die probleem nou weer in: hulle begin nou dink hulle het dit nie nodig nie. As jy in die oggend hier kom sê jy: nou hoor hier, waar's jou apparaat? Dan moet jy hom eers terugstuur koshuis toe, want dan's hy by die koshuis of hy's by die huis. So um baie van die groot kinders het daai don't-care houding oor die appaarte.

Ons onderwysers toets of die appaarte werk en as daar dan 'n probleem is dan is daar Donderdae 'n tegnikus wat inkom dan herstel hy dit, en dit wat nie kan herstel nie word weggestuur en die ouers kry briewe wat sê: ok, dit is wat dit gaan kos om te herstel en so aan. Maar ons toets elke oggend die batterye in die klas en soos ek sê as daar dan nou 'n distorsie of 'n ander probleem is, stuur ons hom op 'n Donderdag in na die tegnikus toe.

Ons voel die oudioloog/spraakterapeute moet meer betrokke wees by die nagaan van die appaarte, want ek bedoel dis hulle veld, ek gaan nie van haar verwag om my voorbereiding te doen nie (glimlag), so ek voel sy's die kenner, die spesialis op die gebied van gehoorapparaate. En dit vat tyd om elke oggend die appaarte regtig deur te gaan en nou is hier 'n probleem en nou moet jy wag tot Donderdag as die man kom om dit te herstel.

Basies reël hulle maar die maak van oorstukkies en so en hulle vervang die pypietjies en daai tipe van goed. Maar, ek bedoel, as daar skuurwerk aan die oorstukkie is – dit moet wag tot Donderdag. As die apparaat stukkend is dan wag hy tot Donderdag tot die tegnikus kom.

Elke jaar word die kinders se ore getoets. As jy vra gee die oudioloog/spraakterapeut terugvoer oor die kind se gehoor, maar ek het nog geen terugvoering gekry oor die oudios wat heirdie jaar gedoen is nie. Jy weet nie of daar progressie of verswakking van die gehoor is nie - ons sou meer wou weet daaroor. Ons weet hoe werk die oudio, maar as ons dit kan vergelyk met die vorige jaar s'n...

Ons sou ook meer wou weet oor die nuwe tegnologie, want nou's hier van ons kindertjies met nuwe apparate, is dit Oticon wat dit maak?, dis sulke nuwe klein gekleurde apparate, digitaal, en blykbaar is die input baie beter, ek meen die kind kan beter reageer. Maar as jy dit nie vra nie - dan weet jy nie. En dit is ook hy maak anderster oop en die battery moet uitgehaal word, want hy kan nie so afskakel nie.

Gewoonlik as die oudioloë/spraakterapeute op 'n kursus was dan is dit deel van die skool se beleid dat hulle vir ons terugvoer gee, maar ek bedoel dis so bolangs (wys bolangs) dat mens graag die diepere sou wou weet. Die Oudioloog/spraakterapeute besluit wie kry watter apparate, ek dink hier's voorbeelde van veskillende apparate - dan toets hulle en sê vir die ouers: maar okey hierdie een is die beste vir jou kind, dis die prys, en ook al die fondse wat beskikbaar is. En natuurlik is die kinders dol oor al hierdie nuwe kleure, hulle kies die kleure.

Oudioloog/spraakterapeute is baie negatief oor gebare. Dit is die kinders se eerste taal, ek voel dis belangrik ek dink ek kan my baie makliker verstaanbaar maak as ek met die kinders gebare gebruik. Maar ek dink dis vir hulle beter om te kan praat as hulle in die wêreld daar buite kom, ook spraaklees en tog as hulle hulleself kan verstaanbaar kan maak. Ek meen die kinders wat beter kan praat, wat goed kan spraaklees, hulle kom in die buitewêreld beter oor die weg, definitief. Nee, kyk dis altyd 'n konflik oor wat is die eerste taal hier, is dit gebaretaal of is dit spraak, so hulle siening is een en daar's 'n paar van ons wat 'n ander siening het.

Ja, ek dink ook so, want weet jy wat het ek nou gesien, want ek weet nou by die kleuterskool lê hulle nou baie aandag op, klem op spraak en gehoorontwikkeling. Dan kom hulle nou na ons fase toe - die maklikste om inhoud oor te dra is met gebare. So dadelik, die kind het miskien daar nie gebare gehad nie, maar hier kom hy nou en word hy gekonfronteer met gebare. So al my harde werk gaan

volgens my (teken vir af-met-die-drein). Ja, hulle doen D.A.S.L by die kleuters, so ek voel as mens besluit: hierdie kinders is spraak kinders volgens hulle oudiogramme -vat hulle deur spraakonderrig tot die einde. Maar dit gebeur nie, ek bedoel daar's baie faktore: onderwyservoorsiening en so voorts. En dit is so die makliksate manier om vir 'n dowe kind inhoud oor te dra is met gebare.

Ja, en ek dink dis vir die swart kinders ook 'n kwessie, want hulle praat 'n ander taal en hulle was baie keer in 'n Engelse skool - so dan gaan die taal nog meer verlore, want daar is gebaretaal ook.

Die oudioloog/spraakterapeute doen gehooropleiding saam met die onderwyseres vanaf kleuterskool tot by voorbereidende graad een. Saam met die onderwyseresse, jy en die oudioloog/spraakterapeut en 'n kind. Dan doen hulle die DASL. Ek weet nie of daar nut in is nie, die oomblik wat die oudioloog/spraakterapeut in die klas kom stel almal hulle apparate harder, want dan moet hulle hoor en die kind reageer, ek meen ek sit agter die kind en ek maak geluide en sy moet wys sy hoor. Maar jy kan maar weet, na alles - as sy uit die klas is, dan reageer hulle nie meer nie, so ek het my bedenkinge daaroor.

Ek sê weereens toe ons op die spraakmetode was het hierdie ding gewerk: DASL, klankherkenning, aanwesigheid/afwesigheid van klank, lang klanke/kort klanke, maar toe't ons 'n gehoorwerk periode gehad. En gebare het toe alles verander.

Gebare het gekom om te bly, my persoonlike mening is ons moet voluit gebare doen.

Ja, definitief. Nie dat ek dink dis die beste nie, maar dit is lyk vir my wat op ons afgeforsier word een van die dinge wat van DEAFSA se kant afkom. Daar word gesê dit is die kind se eerste taal, en hulle het die reg om in hulle eerste taal onderrig te word.

Ek sou daarvan gehou het dat dit spraak is met gebare-ondersteunende onderwys. Maar soos hulle nou gesê het: gebare het gekom om te bly en dit word vir ons gesê - dit is die kind se eerste moedertaal so dis die eerste taal. Ons sal maar daarmee moet verlief neem en ons aanpas daarby.

Spraak, hulle is glad nie daarvoor nie - gebaretaal oor en uit, sonder stem. So dit maak dit moeilik, soos ek sê: ek het nog al die jare Total Communication gebruik en hulle sê dis nie meer reg nie: gebare. So dadelik kan jy sien klanke en al daai goed wat die kind met die Mondelinge Metode kon gedoen het, is weg.

Nee wat, ek dink dis hulle demokratiese reg met hierdie nuwe verkiesing het elke ou sy reg en dis die dowe se reg as hulle in gebare onderrig wil word.

Die kinders voel ook almal gebare, defnitief. Gebare, baie sterk. Die kinders wat dalk goeie gehoorreste het, en wat dalk goed oorkom, mondelings, hulle vra nog vir gehoor en spraakterapie. Maar ek kan amper sê 90%, as dit nie meer is nie, sal die kinders vir jou sê: gebare.

Vir my afdeling waar ons werk aan sinskonstruksie is daar 'n rol vir die oudioloog/spraakterapeut.

Ja, ek dink ook tog so, ek dink daai kind wat nog 'n bietjie gehoorreste het, en daai kinders wat sê vir jou die batterye is pap en daar is nog defnitief vir hulle, lyk my, wat baatvind by die oudioloog/spraakterapeut. Die kinders wat nie enigsins daarby baatvind nie, sou ek nie sê nie. Maar defnitief is daar nog 'n plek vir oudioloog/spraakterapeute.

Die kind wat die gehoorreste het wat die spraak kan ontwikkel, moet mens aanhou daarmee en voluit benut. Maar die kind wat dit nie het nie - jy frustreer hom net daarmee.

Ek stem saam, want jy sê die klank oor en oor en hulle kan dit net nie herhaal nie. Daar is kinders wat net nie kan nie en daar is kinders wat kan.

As hulle, die gebaretaalstruktuur is nie dieselfde soos praat en skryf nie, as hulle gebaretaalopleiding kry en op só 'n vlak is dat hulle daai brug kan oorkom tussen gebaretaal en skryftaal, dan sal ek sê ja. Maar voor hulle nie op 'n vlak is waar hulle dit bymekaar kan bring nie, sal ek nie so sê nie (skud kop).

Dis moeilik, ek uh, weet nie wat regtig om te sê nie. Ek dink tog daar is nog vir oudioloë/spraakterapeute 'n rol soos ek gesê het vir die kind wat regtig nog daarby baat kan vind en kinders wat se ouers nog betrokke is en belangstel en graag wil hê hulle kind moet in 'n horende wêreld, jy weet, 'n plekkie kry - sou ek sê dis belangrik. Maar dan intensief.

Ja, vir die tyd vir die jongtyd wat hy sy spraak kan ontwikkel, uhm ja. Gee hom daardie voordeel en maar as hy dan later net op suiwer gebare gaan, split hom dan, maak dit twee bane. Dié klomp net vir gebare en daai klomp net vir spraak. Ja, soos wat ons gehad het in die verlede.

En regtig ek dink die kinders wat ons hier gehad het toe dit net die Mondelinge Metode was, hulle was beter toegerus vir die toekoms daar buite, maar hulle het daai agtergrond van die spraak en die klanke goed. Jy weet, hulle was beter toegerus. In 1994 het dit verander.

**FOCUS GROUP 4:  
Participants mainly promoting Sign Language (Senior Phase)**

**Topic 1:...the inclusive educational system and the child with hearing loss?**

Daar is defnitief 'n plek vir skole wat veral dowes apart (wys apart) hou, 'n spesiale skool. Daar is 'n verskil, daar's 'n kultuurverskil, 'n taalverskil, grammatika verskil. Daar is sulke tipes verskille maar aan die anderkant as jy kyk na kinders met kogleëre inplantings - ek weet as hulle van kleins af gemainstream word dink ek dit kan werk, maar daar is defnitief 'n plek vir 'n indiwiduele aparte skool vir dowes.

Ja, want hier was al kinders hier wat kon cope in 'n gewone skool.

Ek dink die groot verskil is dit hang af van watter insette die ouers wil lewer, want hulle moet omtrent een tot een onderrig kry en baie ouer hulp. Daar was 'n kind by ons wat na 'n gewone skool toe was en goed gedoen het in die skool - wat universiteit toe kon gaan, maar daai ma het baie hard gewerk aan Afrikaans en Engels en sy't nog elke jaar gewonder of dit die regte besluit was. So dit kan - die kind het baie goed presteer-hy's besig om te leer op universiteit, maar sonder daai ouers kon dit nie - ek sê nie dis 'n goeie ding nie, maar dit kan glad nie werk sonder ouers wat so hard werk nie en wat die geldelike vermoë het, en die ma moet eintlik nie werk nie, want jy moet eintlik heeldag by die huis wees of jy moet hom voltyds by 'n kleuterskool hê waar mense bereid is om hom een tot een onderrig te gee.

Ek dink sy support system is baie baie baie belangrik want as jy 'n dowe kind in 'n horende skool sit - daar is soveel verskille tussen hom en die ander kinders hy moet rêrig iemand hê wat hom gaan ondersteun in dit wat hy doen , want by tye

kan hy moedeloos raak want sy kommunikasie - dis 'n probleem tussen hom en die ander kinders, daar gaan sosiale isolasie wees.

Wat ek net gesien het is 'n groot probleem met 'n dowe seun wat ek ken in 'n gewone skool is bv. die interkomstelsel - die kinders en onderwysers vergeet byvoorbeeld dat hy nie alles kan hoor wat die interkomstelsel sê nie - so hy probeer dan om alles baie getrou te doen, hy is 'n baie konsensieuse kind, maar kort-kort is hy verleë omdat hy nie iets doen of weet of hoor wat oor die interkom afgekondig is nie en wat hulle vergeet het om vir hom te sê.

So kind met 'n gehoorverlies wat ingesluit word moet 'n redelik intelligente kind wees, 'n kind wat leerprobleme of ander probleme het dink ek sal baie swaar kry.

Ek stem saam. Ek het ook al gesien aanvaarding deur die ouers – 'n dowe kind van dowe ouers het vreeslik min probleme om in 'n spesiale skoolsisteem aan te pas in teenstelling met 'n dowe kind van horende ouers. Daai kind het inherente taal – jy kan vir daai kind iets byleer - hy het nie niks nie. Die dowe kind van horende ouers het gewoonlik geen taal, want dit het die ouers drie jaar lank gevat om te rou en hulself te bejammer en dan leer hy nie taal nie en word nie maklik sosiaal aanvaar deur ander dowe kinders nie. So die dowe kind van dowe ouers lyk slimmer as die dowe kind van horende ouers, wat seker ook hul bes gedoen het, maar hulle was besig om oplossings te soek en die kind se taal het agterweë gebly.

Wat ek net wil sê is dat die political objective van inclusive education is vir my wonderlik... want dis juis om te sê gestremdes is nie gestremd (wys inverted commas) nie. Hulle is deel van ons samelewing – hulle word aanvaar- hulle het equity.

So die verskil tussen equality en equity - dit is wat vir my belangrik is in terme van inclusive education. Equal beteken gelyk, m.a.w. ek sê nie omdat hy doof is

is sy taal swak teenoor die horende s'n nie, mens kwalifiseer alles. So ek sê daai een is doof - as hy net so in 'n skool ingesit word sonder 'n support structure en alleen en hy het nie 'n sosiale kring nie, want hy gaan dit nie hê nie (skouers opgetrek). Die dowe kinders kry swaar as hulle alleen in mainstream schools is, daar's nie tolke in die klas nie, daar's nie iemand wat kan voice-over as hy input wil gee nie, so hy's van alles ge-exclude. Dan is hy mos nie gelyk nie, maar hy kan net gelyk wees as daar equity ter sprake is, m.a.w. goed om gelyke deelname mee te verseker byvoorbeeld kom ons sê ons wil 'n vergadering hou en ons wil hê 'n dowe moet horendes toespreek maar daar's nie 'n voice-over nie - so hulle kan nie hulle deelname gee nie. Dis wat equity beteken. Dis die goed wat dit moontlik maak vir gestremde mense om op 'n gelyke vlak deel te neem. En ek dink daar's baie goed in die geskiedenis van Dowe onderwys van Suid Afrika wat dit regtig moeilik maak om 'n inclusive model suksesvol te laat werk.

Ek sê nie 'n inclusive model kan nie werk nie, maar ek dink die history is van so aard daar's nog baie kontroversy oor gebaretaal en spraak en ander goeters en kinders kom in die skole en hul ouers kan nie gebaretaal gebruik nie, dus gaan die kinders se taalverwerwingstydperk dit gaan verby met die minimum gebaretaal-input vir die meeste dowe kinders as hulle nie dowe ouers het nie. So hulle mis uit. Hulle eie taal, wat gebaretaal is, is nie eers op die vlak wat 'n horende kind van dieselfde ouderdom se Afrikaans of Engels sal wees nie so hulle het regtig in daai opsig 'n taalagterstand.

En die ander ding wat ek oor inclusive education voel is - ek persoonlik voel dis 'n baie positiewe ding, ek het aanvanklik nie, maar ek het baie daarvoor gedink en ek dink ek is seker 'n deel van die objectives daarvan is ook om die standaard van spesiale skole te lig. Ek is seker daar is baie probleme in sommige skole maar ek hou nie van die idee om te sê ons gaan nou hierdie groepie dowe kindertjies tussen 'n klomp horende kinders indruk nie, want dan is hulle onmiddelik anders.



My idee van inklusiveness is om te sê - goed hier is (skool se naam) skool. Watse resources het ons tot ons beskikking? - hoe kan ons ons skool met die potensiaal wat ons het in die personeel, met die potensiaal wat ons het op die terrein – hoe kan ons dit gebruik om te sê hier is soveel dowe kinders, ons kan nog soveel horende kinders akkommodeer - ons gaan ons skool attractive maak ons gaan sê ons bied dit en dit aan, maar dan moet daar saam met dit kom tolke vir voice-overs, want ek meen ek gee klas in suiwer gebaretaal - ek gebruik nie my stem nie, daai horende kinders gaan werklik nie 'n idee (skud kop) hê van wat aangaan nie.

Mens sal sulke tipe goeters net in ag moet neem, dat die support structures daar is. Maar selfs as jy via-verca gaan. As jy nou sê nou goed hier is nou dowe kinders wat na 'n horende skool toe gaan - die support structures moet daar wees en dit en dat - dis baie duur. En ek het al vir myself al probeer uitfigure hoe dit kan werk - as jy net hierso vat jy het van graad agt tot graad twaalf – jy het twee tolke nodig in elke klas en jy het twee tolke per klas nodig, want geen persoon kan vir vyf ure aanmekaar tolk nie. So dan is dit twaalf tolke wat elke maand 'n volledige salaris sal moet kry, so dis 'n baie duur storie a.g.v. kommunikasie, nie soseer as gevolg van die gestremdheid (wys in aanhalings tekens) nie, maar oor die means of communication - soos ons skool wat maar hoofsaaklik gebare gebruik, maar as jy nie gebare gebruik nie in one-way-or-die-other nie is die kinders verlore.

### **Topic 2:...the role of an educational audiologist in the inclusive educational system?**

Daar is nie eintlik so iets ('n multi-dissiplinêre span) by ander gewone skole nie. Ek voel hier by ons skool is hier spanwerk - as jy kyk teenoor ons gewone skole voel ek hierdie leerlinge is baie bevoorreg (groot oë en lig wenkbroue) - hulle word groot met sielkundiges waarvoor hulle enige probleem vertel, daarom het hulle nie probleme in hulleself nie, hulle deel hulle probleme maklik, hulle kry

oplossings en hulle aanvaar oplossings en ander gewone skole het nie so voorreg nie van sielkundiges nie – hulle kry dalk arbeidsterapie.

Maar vir my is die leemte spraak en gehoortherapie, want ek het nog geen oudioloog/spraakterapeut gekry wat pro gebaretaal is nie, en ek ken 'n paar oudioloë/spraakterapeute - die rigting waarin Tukkie's hulle oplei en ek ken nou net Tukkie's mense, is: jy moet spraak aanleer. Ek is oop daarvoor, ek hou daarvan as kinders met my praat as hulle kan, as hulle kan praat kan hulle dit ook gebruik, maar ek voel want ek't self gesien hoe kindertjies hier aankom by die kleuterskool en as daai kindertjies saam met spraakopleiding gebare gekry het, en in daai drie jaar kom hulle nie na ons toe nie - hulle ma's gaan dan na oudioloë/spraakterapeute toe, en dit voel vir my hulle gaan nie skade lei as hulle gebare en spraakopleiding kry nie, maak nie saak wat later gaan gebeur nie. Dis 'n klein tydjie, net drie jaar, waarin hulle dit kan kry – so dit voel vir my belangrik. En baie oudioloë/spraakterapeute doen spraakopleiding en ek weet spraakopleiding is 'n baie moeilike ding om te doen - jou resultate is klein (wys gebaar vir klein), bietjies op 'n keer, ek sien daar by die gehoor en spraaktherapie afdeling hoe doen hulle taktiel (wys na larinks) en hulle probeer daai kind die goed laat sê soos /k/ en die kind is gefrustreerd. Nou hier in die skoolsituasie gaan hulle van klas tot klas, maar dit vat miskien 'n jaar voor die kind 'n /k/ kan sê, of drie jaar of vyf jaar, en dit is vir my 'n probleem. Ek weet nie of my opsomming verkeerd is nie, maar elke oudioloog/spraakterapeut waarmee ek praat sê nee (wys nee met gebaar) vir gebare.

Die ding is net nê, as 'n kind nie woorde verstaan nie, hoe moet hy dit praat? Dis mos meaningless communication vir so 'n klein kindjie om nou te moet sê: /kat/ /kat/ /kat/ (monotoon gesê)? Ek bedoel (dramatiese stilte), as dit saam met sy natuurlike taal, wat gebare is, ontwikkel is dit meer natuurlik. Ek het 'n navorsingsstuk dink ek van mense in Spanje gelees - hulle het baie beter resultate gekry met spraakopleiding met kinders met 'n gevestigde gebaretaal (dramatiese stilte) wat dan ook inderwaarheid die bilingual approach is, wat nie sê spraak is uit en dis net gebaretaal nie. Maar mense verstaan dit verkeerd -

hulle dink jy moet die heelyd praat, maar ek meen jy moet onthou, gebaretaal kom uit 'n heel ander struktuur as enige ander gesproke taal of dit nou Afrikaans of Engels is of whatever is, jy kan dit nie meng nie, want dan is jy nie meer besig met gebaretaal nie. So nou voel mense die kinders moet spraakopleiding kry en nou meng hulle dit. So nou kry die kinders nie een van die twee meer ordentlik nie en dis defnitief nie natuurlike (lig wenkbroue) taal nie.

Maar wat eintlik behoort te gebeur is soos sê nou maar die oudioloë/spraakterapeute, veral by die kleuterskool, behoort saam te werk met die onderwyseresse en sê nou maar in temas - dan moet die onderwyseresse die goed eers doen in gebaretaal en dan kom die oudioloog/spraakterapeut in en gaan terug na daai lessie toe wat nou vir die kind bekend is en dan daai woorde met spraakopleiding vir hulle leer. Dit is 'n baie suksesvolle benadering wat dan die Bi-Bi approach se resep is. Die Bi-Bi approach werk eintlik so dat jy dit gelyklopend moet doen, parallel moet doen, maar die probleem is die mense is: of (wys eenkant toe) of (wys ander kant toe).

Dit voel vir my daai drie jaar voor hulle na ons toe kom is 'n baie baie belangrike jaar, en vir die ouers - dan moet die ouers besluit: gaan hulle kogleêre inplantings doen en vir die kind heeltemal 'n ander opsie gee. Jy weet, daai leiding wat die ouers daar kry is nie vir my reg nie, want dis baie one-sided vanaf die oudioloë/spraakterapeute en die oor-spesialiste. Ek sien nog steeds ouers wat onkundig is nê, wat nie weet wat doen hulle as hulle 'n kogleêre inplanting insit nie, soos wat ek maar ook onkundig was oor my kind se probleem. So, die ouers is onkundig, hulle weet nie dié goed nie, hulle weet nie die keuses nie en daar is nie eintlik tyd om te mors nie, daai kleintjie moet gebare baie vinnig kry.

En as ek dink hoeveel ouers kom terug dan's hulle kinders in matriek dan sê hulle: as ons maar net geweet het, ons het nie dit geweet nie. Dan's dit nou medical referrals, clinic referrals, oudioloë wat hulle ingelig het. So daar's nie 'n ingeligde besluit nie - ouers weet nie dat gebaretaal 'n natuurlike taal is nie.

Hulle weet nie wat is die implikasies van om jou natuurlike taalverwerwingsfase te mis nie. Ouers weet dit nie. Ek meen, as hulle vir die eerste keer hoor hulle kind is doof, dis soos (kollega se naam) sê, dis vir ouers 'n skok, hulle probeer regmaak. So in daai kosbare tyd is dit 'n taalverwerwingstyd wat verbygaan en verbygaan. Want as ek bv. kyk na my suster se kindertjies van drie jaar se woordeskat wat hulle het, omdat hulle neem dit die heeltyd in en vir so kleinjie want nie kan hoor nie is die inneem hier (wys na oë). Maar as die ouers nie weet en besef nie, dan kan hulle nie 'n keuse maak nie om te sê: ek wil dit hê, maar ek wil ook dit hê - dis vir my belangrik.

Hulle moet meer bewus wees van die keuses wat beskikbaar is en nie net spraak en gebare nie, maar hoe dit toegepas word, jy weet, om daai kind sy volle potensiaal te laat bereik. Want die pendulum swaai nie net na die een kant of na die ander kant nie. Dit is nie extremes nie, daar's 'n middeweg en dit is soos wat sy nou gesê het - ouers weet dit nie en ek voel die oudioloë/spraakterapeute en die en die res van die span - daai span moet bewus wees van die tipe keuses wat daar is. En hulle maak nie ouers bewus daarvan nie en dis hoekom daar so baie kosbare tyd verlore gaan, ek meen soos daai kind - sy opvangsfase – daai taal - jy weet as hulle dit kan optel en gebare ook leer ek meen hoeveel meer gaan daai kind nie vorder nie, gaan dit hom nie baat nie?

Die hoërskool kinders het nou so een maal 'n week spraak en gehoortherapie, maar dan het hulle netbal en hulle het ekstra klasse en alles, dan's dit amper nie meer die moeite werd nie. Hulle kan nie uit die klasse uitgeneem word nie, want dan mis hulle ander werk en dan's hulle in die koshuis en dan's daar 'n bussie gereël en dan bots dit met ander goeters - so dan's dit nou verlore. So ek weet nie regtig, ek het later begin agterkom hier was sulke taalfases. Dan kom die oudioloog/spraakterapeut in die klas en ja - dan gaan dit oor taalstrukture en nie oor dit wat die kinders wil hê nie, want hulle wil ordentlik praat (dramatiese stilte) hulle word tieners en hulle kom agter hulle is tussen ander tieners en hulle wil ordentlik praat, maar dan is sy (die oudioloog/spraakterapeut) besig met die

uffrou en besig om vir haar te sê watse strukture ons vir die kinders moet leer (lyk verontwaardig), soos grammatikale strukture - jy's nou op hierdie vlak en nou moet jy na daai vlak toe gaan, in plaas van funksionele taal wat die kinders wil hê.

Die ding is net 'n taalonderwyser wat by 'n skool vir dowes werk behoort in elk geval genoeg te weet van albei tale se strukture om self daaraan te kan werk – ja, as jy nou met Afrikaans of Engels of watter taal ookal werk - daai taalonderwyser moet vir die kinders kan verduidelik: gebaretaal lyk so, hierdie is die ekwivalent van die gesproke.

Wat ek byvoorbeeld dink is wanneer ek byvoorbeeld weg van die skool af was en ek kom terug – dan sien jy ons het so vasgeval by die skool met: spraak of gebare - dat die kind verlore gaan. Hierdie kinders weet so min. Ek het die ander dag vir hulle dorpe se name gevra, hulle ken nie dorpe se name nie, so dan kan hulle nie uitgaan in die werêld nie. Hulle het nie algemene kennis nie. Soos die media, radio televisie - dit gee nie vir hulle inligting nie, hulle kan dit nie hoor nie. Hulle kan miskien die Huisgenoot deurkyk en miskien die hoofopskrifte lees, maar dis al. Maar ek voel hierdie skool, soos ander skole, by ons is die tendens om werksgerig te wees. Hierdie kind wat so gestremd is moet maar iets met sy hande gaan doen van standerd vyf af, maar hulle dink nie aan hom as mens nie. Hy weet niks van die aardrykskunde of die geskiedenis of enigiets van hierdie land nie. So al kan hy naderhand baie goed gebare doen of al kan hy praat gaan hy nog dom lyk, want waaroor gaan hy praat - hy het nie inligting nie - hy weet nie wat om te antwoord as jy vir hom vra watter twee provinsies het die see nie. Ek meen die Kaap is vir hom Kaap (wys Gebaretaal vir Kaap) dis vir hom so abstrak nê, hy ken basies die gebaar. Maar die ander kinders het televisie en baie inligting wat na hulle toe kom, maar dis moeilik by ons. Ek voel by ons skool, soos by ander skole, is daar een ding wat ek as 'n leemte ondervind en dit is dat ons net te werksgerig is met ons kinders en nie altyd fokus op hulle as mens nie.

En as jy kyk na hierdie outcomes-based onderwys dan besef jy dis nie regverdig teenoor die dowe as jy heelyd wil uitkomste kyk nie. Onthou jy moet eers nog begin by die begin jy moet nog eintlik vir hom taal leer, jy moet nog vir hom woordeskat leer, jy moet hom leer wat is daai ding se naam. Jy kan nie verwag dat hy daai ding se naam moet gebruik om 'n paragraaf of 'n ding te skryf soos wat die departement verwag nie - jy moet nog eers vir hom basiese dinge leer. Jy moet goed soos nuus en sulke goed kan doen – hulle wil weet, hulle kom vra vir my jy weet. Dan sê hulle vir my hulle het dit en dit oor televisie gesien en hulle wil weet wat gaan aan.

Irrespective of gaan hulle in 'n skool met horendes wees of in 'n skool net vir dowes, die spraak moet van kleins af kom saam met die gebaretaal. Dit gaan nie help jy fokus hierdie kind net op spraak, spraak, spraak nie en hy kan nie eers sy eie naam in gebaretaal gebruik nie. So, ek dink die input moet van kleins af begin - dit gaan nie help dat jy na daai fase nou ewe skielik begin met taalinput nie, want dit gaan nie help nie. As die fondasie nie reg is nie, hoe gaan jy die res van die huis bou?

Dit voel vir my as ons onderwysers by skole vir dowes gebruik kan maak van 'n gebarehulp - dan hoekom kan spraakterapeute nie miskien ook gebruik maak van gebarehulp nie? en so kyk of dit nie beter werk nie. Net hulleself oopstel en kyk of hulle samewerking kan kry van iemand wat 'n gebaretaalkundige is.

Ek het 'n probleem - ek dink dit is baie idealisties ek dink hier is 44, 46 skole vir dowes in Suid Afrika wat range van doof to daai (skool se naam) wat net spraak gebruik en geen gebaretaal nie. Maar as mens nou kyk na gebaretaal skole het die kinders baie gebaretaal behoeftes –daar is orals in dié skole kontroversy – die mense is nie opgelei nie, dis 'n feit, hulle gaan nie opgelei raak as hulle nie besef dis belangrik nie.

As hulle wil hê inclusion moet werk sal hulle regtig indringend moet aandag gee aan die opleiding van daai mense wat met die kinders in hulle

taalverwerwingsfase werk, ek praat nou van die kleintjies, dit sluit in: onderwysers en oudioloë en ander hulpdienste, whatever dan. Want as daar controversies is, dan kom die verkeerde inligting by die ouers uit of halwe inligting by die ouers uit of bias inligting by die ouers uit, either way. Alles begin in die grondslagfase, ouers kan nie ingeligte keuses maak nie of die kinders gebaretaal moet kry nie. Sommige kinders kan sonder gebare, maar dis die minderheid. Die meerderheid dowe kinders het gebaretaal nodig om taal te kan verwerf. En daarmee saam dan gelyklopende spraak en gehoorterapie wat die proses van hoe dit behoort te gebeur, aanhelp. En daai proses – mense verstaan dit nie. En die meeste mense wat in daai aanvangsfases werk is nie fluent in Sign Language nie, so tot dit nie reg is nie is dit 'n joke, ek bedoel dis 'n waste of precious money and time. Want daai goed moet eers reg wees, jy kan nie nou se jy't 'n inclusive model met daai chaos nie. En totdat hulle nie daaraan aandag gegee het nie kan dit nie werk nie.

Die oudioloë/spraakterapeute se houdings moet bietjie verander want dis my ondervinding dat hulle baie baie geset is teen enige vorm van gebaretaal - wat ek voel nie reg is teenoor die kind nie, want ek weet op die ou einde moet daai kind gebaretaal kan ken en praat om homself in sy sosiale omgewing te kan help en spraak ook ek meen hy moet tog winkel toe kan gaan. Maar die oudioloë se houdings is vir my partykeer nie altyd reg nie. Hulle besef nie dat daai kind gebaretaal ook nodig het nie - dis vir hulle 'n uitgemaakte saak::spraak.

Vir my het die probleem gekom ek kan verstaan waar kom hulle aan net spraak, dis normaal nê, my vriendin se kind kan mooi praat en hy kan goed luister, maar nou kan hy nooit met 'n dowe verkeer nie, so hy wat doof is kan nie met 'n dowe kommunikeer nie - dis vir hom uitgesluit, want as die dowe sy lippe wil lees, en daar is maar 'n paar wat lippe kan lees, en dit word verder bemoeilik want omdat hy doof is praat hy klaar 'n bietjie snaaks - so dan kan dowes nie sy lippe lees. So as hy gebaretaal gehad het dan kon hy twee wêrelde betree het. Want al is hy nou in 'n gewone skool is hy nou uitgesluit van die dowe gemeenskap en ek voel tog ook dis nie reg nie, nê. Want ek sê altyd vir die kinders by ons skool ons

is baie trots as ons kinders by die skool Afrikaans en Engels en nog 'n taal kan praat, want ons probeer dit regkry soveel as moontlik Swart tale ook, Duits, wat ookal. Hoekom wil hulle net een taal praat, baie keer het hierdie kinders gebare ook nodig.

Baie keer het dowe ouers se kinders net gebare en dis ook nie vir my reg nie, want dan kom hulle by die volgende probleem soos in die werksituasie of hy self kry kinders wat horend is en dan voel ek hoekom kan mens nie maar altwee gebruik nie, dan het die kind die beste van altwee wêrelde.

Vroeër toe ek net begin het was die siening: gebruik jy gebare - is dit ten koste van spraak - terwyl ek dink die siening het nou baie verander en ek dink dit is wat nou so belangrik is: hand aan hand die twee. En die ouer onderwyser kleef miskien nog aan daai siening van: as die kind gebare leer dan gebruik hy nie sy spraak nie.

Wat vir my belangrik is op die ou einde is hoe die dowe oor homself voel ek ken iemand wat hy is doof en sy ouers hulle het hom grootgemaak vir die horende wêreld absoluut – die minimum kontak gehad met dowes, spraak en gehoorterapie gekry by die universiteit en daai persoon hy het nog altyd uitgesluit gevoel van die horendes omdat hulle in elk geval, as hulle sy gehoorapparaat sien is hulle weg, ek weet nie daar is stigma daaraan. En hy kan ook nie by die dowes aanpas nie. Hy is nie deel van een van die twee wêrelde nie, hy is 'n halwe mens. En toe begin hy betrokke raak by die dowes en nou voel hy soveel meer 'n heel mens omdat hy nou in twee wêrelde kan leef.

Dis nie nou meer vir my so opvallend nie, maar dit het vir my op 'n stadium gevoel vroeër of die oudiolë/spraakterapeute absoluut oorheers het en vir my oortree het op die gebied van die taal. Nie net by die hoërskool waar daar taalonderwysers is nie maar ook ek weet ons het kongresse gehad wat ons moes bywoon en weet jy ek bedoel dit nie lelik nie, ek meen



oudioloë/spraakterapeute word gekeur hulle is absoluut hoogs intelligente mense en ook tegnies sowel as op ander gebiede, maar jy moet jou nie nie op 'n verkeerde gebied 'n kenner gaan hou nie. Deesdae weet ek nie eintlik wat doen die oudioloog/spraakterapeut nie - ons werk nie eintlik met hulle in die hoërskool nie ons het eintlik niks met hulle te doen nie.

Wel ek sou sê die oudioloog/spraakterapeut moet ook baie deeglik bewus wees van goed soos ons genoem het: hoe die gebare-struktuur werk en in samewerking daarmee miskien die spesifieke uitspraak van klanke.

Ja, ek sluit 100% aan by haar want sê nou maar in 'n klas daar's tieners hier by ons so as daai kind nie regtig wil praat nie, los hom, onthou hy is skaam en konsentreer dan meer op 'n kind soos (naam van kind) wat gevra het dat sy spraak en gehoor terapie kry en sy wil dit doen . Goed, sit in die klas en maak bietjie moeite sien die kinders in die middag na-skool wanneer ons buitemuurs het.

Vir my is 'n voorverieste dat die oudioloë/spraakterapeute moet weet wat beteken die Bi-Bi approach, hulle moenie sê hulle weet en dan weet hulle eintlik glad nie. Hulle moet weet hoe dit werk en hulle moet dit gebruik in samewerking met die onderwysers. Ek bedoel ek wil nie geharass word deur met mense argumente te hê oor Bi-Bi nie, hulle moet reg dink (wys na kop), voordat ek voel hulle kan vir my useful wees. Anders blaas dit net weer kontroversy en gevoelens en goeters en dis regtig 'n groot kontroversy dit veroorsaak nog oralster oor veroorsaak dit nog probleme. Ek wil my werk ordentlik doen – ek wil nie geharass word deur issues nie - so ek voel die oudioloë/spraakterapeute moet eers opleiding kry voor hulle in elk geval wat my betref welkom is by my, ek bedoel dit nou ok glad nie lelik nie, ek wil net hê die goed moet uitgesort wees - ek wil nie my onderrig tyd en my emosionele energie mors deur iemand te moet oortuig nie. Ek het nie 'n probleem met wat hulle doen nie, maar ek wil ook nie hê hulle moet 'n probleem hê met wat ek doen nie. Ek wil hê ons moet so werk

(hande langs mekaar) nie so (een hand bo ander) of so (sit een hand onder) nie – maar so (hande langs mekaar) saamwerk.

Ek dink net ons werk saam met hulle maar ons weet nie altyd wat kan hulle doen nie, ons weet nie wat hulle beroep behels nie. Al is ons by die dowes betrokke weet ons nie altyd wat doen die oudioloë/spraakterapeute nie. Ek weet nou soos met my vriendinne se kinders wat nou na 'n spraakterapeut/oudioloog toe gaan wat nou die /r/ vekeerd sê en daai goete en hoe gou kry hulle nou daai reg. En ek weet nou byvoorbeeld van iemand wat in 'n ongeluk was – wat bietjie breinbesering opgedoen het wat nou daar help kry, maar ek weet nie wat kan ons van hulle verwag nie, want ek weet nie wat kan hulle als doen vir ons kinders nie.

Ek voel net hulle moet holisties na die kind kyk dit gaan nie help as hulle net konsentreer op spraak nie, want daar is soveel ander fasette ook. Hoekom kan hulle nie hulle input deel nie - hulle het soveel kennis - met lees, met spraakopleiding - hulle weet baie goeters - hoekom deel hulle dit nie met die onderwysers nie? Hoekom moet hulle net konsentreer op een ding?